



Kant en Kraag

Gehekelde krae om kinderrokkies te versier

BENODIGDHEDE: (genoeg vir 2 kragies) 50 g Pingouin Classic Crylor 4 draad; hekelpen van 4 mm; **1e Kraag:** Gekleurde garing om mee te borduur; 50 cm katoenkant, ongeveer 2,5 - 3 cm breed; 1 knoop; **2e Kraag:** 50 cm kant, ongeveer 2,5 - 3 cm breed; 1 knoop.

AFKORTINGS: ks - kettingsteek; kb - kortbeen; hlb - halflangbeen; beg - begin; vermeer - vermeerder; vermin - verminder; vlg - volgende; st(e) - steek(steke).

GEBORDUURDE KRAAG

Hekel 60 ks, draai en hekel 59 kb; draai.
1e ry: 1 ks, 9 hlb in vlg st, 9 hlb) 5 keer, draai.

2e ry: 1 ks, slaan 1 st oor, 8 hlb (2 hlb in vlg st, 10 hlb) 4 keer, 2 hlb in vlg st, 9 hlb, draai.

3e-6e ry: Hekel voort soos tevore, vermin aan beg van ry en neem gemaakte st tussen vermeer in patroon op, tot daar 14 hlb in laaste ry is, heg af.

Beg op halsrand, heg gare weer vas, * 1 kb in 1e st, 3 ks, slaan 1 st oor, herh van * rondom buitenste rand; hekel 1 kb rondom halsrand. Borduur motiewe soos op foto gesien kan word. Maak plooitjies in kant om rondom halsrand van kraag te pas. Vou uiteindes na agterkant om en werk netjies af. Hekel lus vir knoopsgat. Werk knoop aan.

VALLETJIESKRAAG

Hekel 60 ks, draai en hekel 59 kb in ks, draai.

1e ry: 2 ks, 9 hlb, (2 hlb in vlg st, 9 hlb) 5 keer, draai.

2e ry: 2 ks, 9 hlb, (2 hlb in vlg st, 10 hlb) 5 keer, draai.

3e ry: 2 ks, 10 hlb, 2 hlb in vlg st, (11 hlb, 2 hlb in vlg st), 4 keer, 10 hlb.

4e ry: 2 ks, 10 hlb, 2 hlb in vlg st, (12 hlb, 2 hlb in vlg st) 4 keer, 11 hlb.

5e ry: 2 ks, 11 hlb, 2 hlb in vlg st, (13 hlb, 2 hlb in vlg st) 4 keer, 11 hlb.

6e ry: 2 ks, 11 hlb, 2 hlb in vlg st, (14 hlb, 2 hlb in vlg st) 4 keer, 12 hlb.

7e ry: 2 ks, 12 hlb, 2 hlb in vlg st, (15 hlb, 2 hlb in vlg st) 4 keer, 12 hlb.

Heg af. Heg gare weer vas aan 1e ry en hekel omranding, 3 kb, * (1 kb, 3 ks, 1 kb) in vlg st, 3 kb, herh van * tot einde.

Hekel 1 ry kb oor halsrand. Werk kant aan en voltooi soos geborduurde kraag sonder borduursel.

